BOLAND
SEKRETARIËLE
DIENSTE
NUUSFLITS

27 Mei 2021

JOU LEWE WORD BEDREIG, ERGER AS COVID-19

Miskien het jy iewers gehoor of gesien, van voorgestelde wysigings aan die Wet op die Beheer van Vuurwapens, wat verlede Vrydag in die Staatskoerant gepubliseer is.

Natuurlik het dit niks met jou te doen, want jy besit nie eers ‘n vuurwapen.

VERKEERD!

Lees asseblief verder, dan vertel ek jou, waarom jy baie bekommerd behoort te wees, al sal jy nooit self ‘n vuurwapen hanteer nie.

Wat sê die voorstelle?
- Dat selfverdediging nie meer ‘n motivering is om ‘n vuurwapen te besit nie.
- Die besit van herlaaitoerusting (vir ammunisie) word ‘n strafbare misdryf.
- Geen skut mag meer as 100 patrone per vuurwapen hou nie (tans is dit 200).
- Private vuurwapen versamelings word onwettig verklaar.
- Die Minister mag die invoer van wapens en ammunisie beperk (tot nul?).

Die omgewing waarin ons leef?
- Suid-Afrika het ‘n moordsyfer van 36 per 100 000 lede van die bevolking per jaar, terwyl die wêreld gemiddelde, slegs 7 per 100 000 is.
- Die Suid-Afrikaanse polisiemag bestaan uit sowat 190 000 mense, terwyl die privaat sekuriteitsdienste, meer as 400 000 mense in diens het.
- Baie van ons het al 10111 (polisie noodnommer) geskakel sonder om antwoord te kry, of ‘n persoon antwoord wat Engels as derde of vierde taal het en nie verstaan wat jy sê.
- Ons lees gereeld van Polisielede wat nie klagtes wil ondersoek, waar vroue aangerand/verkrag is.
- Ons sien hoe Polisielede net waarneem (observe in Engels) tydens gewelddadige betogings waar eiendom afgebrand, vernietig of gesteel word en die wettige eienaars moet vlug vir hul lewe en dikwels ernstig beseer of gedood word.
- Ons het gesien hoe die Minister van Polisie met ‘n peleton gewapende lede, ‘n Kaapse strand skoonmaak van mense tydens inperking.
- Ons ken almal iemand wat in sy eie huis aangeval is terwyl hulle geslaap het/iemand wie se motor gekaap is en ek self, was al ‘n slagoffer van ‘n gewapende roof, helder oordag in my kantoor – destyds in die Strand.
- Plaasaanvalle en –moorde: Niemand beskerm hulle, nadat die kommandostelsel afgeskaf is.

Wette is net van toepassing op wetsgehoorsame burgers. Dié wie se name, foto's, vingerafdrukke bekend is en op rekord.

Kriminele steur hulle nie aan wette nie.

Watter tipe mens besit deesdae 'n wettige vuurwapen in Suid-Afrika?
- Mense wat bereid is om 'n klomp koste en moeite aan te gaan om die lisensie dikwels te hernu.
- Mense wat seker maak hulle wapens word veilig gestoor wanneer nie in gebruik.
- Mense wat weet 'n vuurwapen moet met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid gebruik word en dit slegs op 'n ander mens sal rig, as daar geen ander uitweg is nie.
- Mense wat self hul ammunisie herlaai, weet die foutgrens is nul. Maak hulle 'n fout, kan nie net die wapen beskadig word nie, maar die skut self, kan ernstige beserings opdoen.
- In die algemeen dus, hoogs verantwoordelike, wetsgehoorsame mense.

1. Waarom is die RSA regering bang vir die private vuurwapen eienaars?
2. Wat gaan die ontwapening van die publiek doen aan die voorkoms van misdaad? Niks!
3. Hoe gaan Jan Publiek homself beskerm teen die misdaad, as misdadigers weet hulle het geen opposisie?
4. Gaan almal nou met gholfstokke, knopkieries en lang messe op straat verskyn?

Gevolge:
- Misdaad gaan verder styg, want almal word nou sagte teikens
- Nog meer staal en slotte en kwaai honde vir beskerming
- Die prys van onwettige vuurwapens gaan styg, want die vraag gaan skerp toeneem, soos (andersins) wetsgehoorsame burgers, eerder die wet gaan breek as om weerloos te staan, voor 'n paar skelms met messe bewapen.
- Baie mense gaan emigreer weens dié wet en hul vaardighede en belasting, is vir altyd verlore.

Wat leer die geskiedenis vir ons?
- Adolf Hitler het die Jode se wapens afgeneem en 13 000 000 van hulle is vermoor.
- Joseph Stalin het die Russe se handwapens afgeneem en 20 000 000 mense is vermoor.
- Mao Zedong het dieselfde in China gedoen en 45 000 000 Chinese is gedood.
- Pol Pot het dit ook in Kambodja gedoen en 2 000 000 van sy burgers is gedood.
- Onthou jy nog van die volksmoord, wat Robert Mugabe uitgevoer het op die Matabeles in Zimbabwe, net omdat hulle ook nie hulself kon verdedig nie. Duisende is gedood.
- Onthou jy nog hoe sleg Piet Retief se kuier by Dingaan destyds uitgedraai het? Net omdat Retief en sy mense, hulself te goedertrou ontwapen het.

Is dit die laaste (of dalk eerste) fase van onteiening sonder vergoeding, dat jy van jou belangrikste bate – JOU LEWE – ontneem gaan word – sonder vrees vir teenstand?

Waar gaan ons aanklop vir hulp en wie gaan kom help, as die RSA regering ook bitter slegte bedoelings (die verskuilde agenda) met baie van die landsburgers het?

Wie gaan jou reg op lewe beskerm, as jy verbied word om dit self te doen? Die Grondwet?

<u>VERSOEKE</u>
1. Dink weer, voor jy die "delete" knoppie druk.
2. Stuur jou teenstand teen die voorgestelde wysiginge aan: comments.fcabill@csp.gov.za **en sorg dat hulle dit vóór 25 Junie kry.**
3. Stuur asseblief dié Nuusflits aan na enigiemand van jou keuse.

Ons mag nie toelaat dat net kriminele, vuurwapens mag hê in Suid-Afrika nie.

Onthou:
Dit is ons LEWENS, wat hier op die spel is. Die ANC, is die heel laaste party, wat jy met dié voorgestelde Wet kan vertrou.

Dankie vir jou hulp!

Groete

J.D. KNOBLAUCH
Professionele Rekenmeester (SA)